
GROEIGROEP RIGLYNE



Die laaste week

Deur: Sebastiaan van Dyk



DIE BELANGRIKSTE WEEK OP DIE CHRISTEN KALENDER

Ons het Sondag PALMSONDAG (Jesus se intog) gevier tydens die erediens en hierdie hele week is ons op pad na Jesus se kruisiging en opstanding toe. In hierdie riglyne gaan ons self of as groepe op weg wees saam met Jesus tot Woensdag toe.

Donderdag 18:30 (Aandnagmal - erediens)

Vrydag 09:00 (Wydingsdiens)

Sondag 06:00 (Vroë-oggend Paasdiens saam met ander kerke)

Sondag 09:00 (Opstanding-Sondag viering in die erediens)

Ons kyk na Woensdag se gebeure vandag...

Woensdag

Tekste: Markus 14:1-11

Probeer gou weer terug dink aan Maandag en hoe ons verduidelik het hoe Markus "rame" gebruik om sy tekste te interpreteer. Hier is dit weer die geval met dié verskil dat die stories/"rame" mekaar nie interpreteer nie maar juis in kontras staan teenoor mekaar. Hierdie keer lyk die indeling so:

Markus 14:1-2	(Die nodigheid vir 'n verraaier)	= A1
Markus 14:3-9	(Die onbekende vrou)	= B
Markus 14:10-11	(Die koms van 'n verraaier)	= A2

Die kontras in die "rame" is letterlik tussen verraaier en gelowige. Om dit te verstaan moet ons tog iets van elke karakter verstaan en dit sal ons sien hoekom die verraaing van Jesus die ergste moontlike aksie kan wees maar ook hoekom die salwing van Jesus die beste moontlike aksie impliseer.

Die vraag wat hier opkom is hoekom was daar 'n verraaier nodig? Want as die skares dan nou so teen Jesus was hoekom was dit so moeilik om hom te arresteer en dit nog immers in die nag ook en nie helder oor dag nie en hoekom het hulle vir Judas nodig? Die Jesus in Markus nooi ons egter uit om presies daardie vrae te vra. "Het julle met swaarde gekom om my te arresteer asof ek 'n krimineel en 'n rebel is, dag na dag was ek in die tempel saam met julle en julle het my nie arresteer nie (14:48-49)?"

Sondag het Jesus se optog teen die emperiale sisteem groot opwinding veroorsaak. Maandag het sy verwysing na teks verse in die tempel die priesters tot raserny gedryf en hulle wou hom doodmaak maar hulle was bang vir hom want die hele gehoor was verstom oor sy lering. Hier het ons nou 'n duidelike tweespalk. Tog is die grootste bate (die gehoor) ook die slegste bate want sulke groot groepe wat in opstand is was as uiters gevaarlik

gesien onder die Romeinse beheer. Teen Dinsdag word hierdie aanhoudende kontras weer drie keer herhaal as Jesus die priesters ondervra, dan vertel Jesus die gelykenis van die wingerd en die swak huurders, laastens daag hy die skrifgeleerdes uit oor hulle teologie.

Die priesters gee eintlik maar op om Jesus dood te maak en besluit hulle sal dit nie tydens die fees doen nie. Tensy hulle kan agterkom waar hy los van die skares is. Daarom is Judas nodig om akkuraat en vinnig op te tree om Jesus te arresteer. **Hoe lyk jou planne in die lewe los van die geloofsgemeenskap?**

Dan kom die onbekende vrou wat Jesus salf met sulke duur olie dat dit 'n jaar se salaris werd is. Hoekom kom Jesus op so buitengewone manier vir haar op (14:9)? Well sy beter as Jesus se dissipels glo hom en het 'n konklusie dat as hy doodgaan en weer opstaan moet sy hom salf reeds vooraf. Iets wat die dissipels nog nie verstaan het nie. Die vrou doen absoluut wat sy kan. Sy is dan vir Markus die eerste gelowige en vir ons is hierdie die heel eerste Christen op aarde. Sy het reeds die lee graf storie geglo nog voor Jesus gesterf het.

Hierdie daad van hierdie vrou is ook die paradoksale leierskap wat deur Jesus opgemerk word vir homself en al sy volgelinge op die model van kind, dienaar en slaaf. Hierdie vrou is dus nie net die eerste gelowige nie sy is nog ook die toonbeeld van leierskap. Jesus vertel sy dissipels van leierskap van Fillipi tot in Jerusalem en hulle is nie een tree vorentoe nie. Daarom het Jesus hierdie besondere prys vir hierdie eerste gelowige.

Hierdie vrou verteenwoordig die perfekte dissipel-leier en is in soveel kontras met Judas wat die swakste voorbeeld hiervan verteenwoordig. **Glo jy nog? Of sukkel jy om Jesus en sy koninkryk raak te sien vandag? Hoe help hierdie vrou (die eerste Christen) jou vandag in jou lewe?**

Markus vertel ons nie van Judas se motief nie. Markus sê ook nie Judas het dit vir geld gedoen nie hy sê net hulle het vir hom geld belowe. Markus se klem val nie op Judas se motief nie maar eerder op sy posisie onder die twaalf dissipels. Markus praat heeltyd van Judas as "Judas-een-van-die-twaalf" vanaf (3:19). Judas se verraaing van Jesus is gewoon die swakste voorbeeld van hoe dié wat die naaste aan Jesus beweeg hom gefaal het in Jerusalem. Die verraaier het in 'n ooreenkoms met dié wat onder leiding van die imperiale dominansie verkeer het gegaan. So eindig Woensdag en die plot is nou in beweging. **Hoe laat hierdie jou voel en hoe dink jy oor jou eie getrouheid aan Jesus?**

Sien julle Donderdag by ons aandnagmaal...
